

Tema: Kom, word deel van God se lewende tempel

1 PETRUS 2: 1-10

“Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore is; en laat julle soos lewende stene opbou...”(1 Pet 2:4 en 5a)

Die eerste beeldspraak (verwekking, geboorte en pasgebore kindertjies) (1:22-2:3) is nou afgesluit. Dit het sy doel gedien om een ding duidelik te maak: Die wat in Christus glo lewe nou as nuwe mense die nuwe lewe van opregte broederliefde.

Hierdie waarheid oor ons nuwe lewe word nou verder uitgebou met die volgende beeldspraak: Die wat in Christus glo is soos gebou wat opgerig word. Hierdie “gebou” is “n geestelike huis” wat uit “die lewende (hoek)steen” en ons as “lewende stene” opgebou word. Die doel van die “gebou” is “om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus.” Dit is dus tempel wat nie met sand en klip gebou word nie, maar met nuut-lewende mense.

Waar het die bouwerk begin?

By God self wat dit beplan en uitvoer. Hy het self die “hoeksteen” wat die menslike bouers verwerp en gekruisig het, uitgekies as kosbare hoeksteen wat die hele bouwerk gaan bepaal. God laat Hom nie afsit deur mense se teenkating nie. Hy gaan steeds voort met sy bouwerk op Jesus Christus as sy uitverkore hoeksteen.

Hoe word ek deel daarvan?

“Kom na Hom toe”, is die eenvoudig antwoord. Let op hoe fyn Petrus dit stel: “Kom...!” Nie: “Gaan na Hom toe” nie. Petrus praat as iemand wat self al reeds by Jesus staan. Vir ons bediening van die Woord aan mense is dit baie belangrik. Ons *stuur nie* mense na die Here toe nie. Ons *nooi hulle na Hom toe*. Jy kan net “kom...” sê as jy self by Hom is.

Hoe bly ek deel daarvan?

“...en laat julle ook soos lewende stene opbou.” Petrus het die genade ontvang om die groot gevaar van stagnering by christene in te sien. Die Here werk self stagnering teë as ons ons “soos lewende stene (laat) opbou”. Ek bou my nie self op nie. Ek LAAT my opbou soos lewende steen deur

die Gees God die Vader en van Christus, die Seun wat self dié lewende steen is. As die formaliteit van die Nagmaal vir my belangriker is as die inhoud en betekenis daarvan, is ek al klaar besig om te stagneer. Die lewende interaksie met God moet ook by die Nagmaal tot sy reg kom, deurdat ek Hom geestelik “eet”.

Nabetragting

“...tot geestelike huis, heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus.”(1 Pet 2:5b)

En wees almal priesters in diens van die heilige God

Volgens die Wet van Moses was Israel die “huis van God” en die nageslag van Aäron die priesters wat deur God uitgekies is om die priesterdiens te verrig. Die nageslag van Juda sou mettertyd die uitverkore Koning voorsien. **Dit alles het nou saamgetrek in die Persoon van Jesus Christus** wat as Seun van God én seun van Dawid ook “die Heilige van God” is wat Heerser is “oor” die “huis van God” (vgl. Heb. 3:6).

Deur die volmaakte lewensoffer van Jesus het al die simboliese dienste en instellings wat volgens die Wet van Moses verrig is in vervulling gegaan. Alles trek nou saam in Hom (Jesus) wat aan die regterhand van God is van waar Hy ons daaglik as huis(gesin) van God geestelik voed. **Die wat in Hom glo deur hulleself te verloën en Hom hulle enigste roem voor God te maak, deel nou in sy eer: As heilige priesters mag ons God dien met ons daaglikse lewensoffers “deur” Jesus Christus.**

Elkeen wat deur gelowige eet en drink van die Christus opnuut die versekering ontvang het van die volkome lewe uit God, **mag en moet met vrymoedigheid uitgaan om as priester van God priesterlike diens te verrig in die Naam van Jesus.** Die Skrif sê *“Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel.”*

Kort en (hopelik duidelik) gestel: Ons het Hom geëet, laat ons uitgaan en Hom lewe deur die Krag wat God ons gee.